

# GOUDRIE



Die oord, ATKV Buffelspoort is 'n gunsteling by baie kampeerders. Dit was dus weereens baie lekker vir die Goudriwwers om saam met streek Roodekruijn, wat uitmuntende reëlings getref het, die naweek deur te bring. Daar was ook heelwat gaste asook 'n klompie Wesranders en Vaalrivierders. Die A-blok was somer lekker vol getrek.



Moet jou nie misgis met die rustige atmosfeer wat oor die hele kampterrein hang nie. Daar was 'n gholfkompesie om aan deel te neem, baie gekuier, ure geswem in die heerlike warm water en nuwe vriende gemaak, veral met die saam braai.



Onthou jy nog die pret van agter op die vulliswa en trekker te ry? Hierdie vyf kleutertjies is vinnig van die wa af gegryp toe Pappa sien hulle gaan nou te vêr van die woonwa af!



Saterdagavond is daar heerlijk om die braaivleisvuur gekuier. Franswha, Christa, hul dogter Periska en Elizet sit en skerts terwyl daar gewag word dat die vuur gereed moet raak vir braai.



Johan en Franswha is hier flink aan die braai en sommer gou is die laaste vleisies ook gereed vir ete.



**T**ienuur Sondagoggend vat al wat 'n Sawanant en gas is sy of haar stoel en sit gereed vir die kerkdien. Burrie Toua van Roodekruin lewer 'n besielende diens met 'n inspirerende boodskap en lieflike liedere. Hier sit Johan, die twee Toua sussies, Elizet, Chris en Marietjie ook en wag.



**B**y elke ete is daar een of twee katte wat vriendelik kom kyk of daar nie so 'n ou ietse is wat jy kan afstaan nie. Anders as sommige ander oorde se bedelende diere, kan mens nie sê dat hulle te hinderlik is nie. Ook die poue, duiwe en ander voëls maak hulle draai by die waens.



**S**oms is dit nodig om net bietjie rustig te wees en te herlaai na 'n baie besige eerste paar maande van die nuwe jaar, om dan weer moed te kry om die laaste stukkie van die kwartaal aan te pak, sê Elizet en Chris.





•n Nuwigheid by die oord is die helpers wat met gemerkte beffies aan en elkeen 'n nommer, gereed staan om tente op en af te slaan. As jy van hulle wil gebruik maar teen 'n fooi wat jy self bepaal, gaan dinge vinnig.



Ook Johan en Elizet begin so stadigaan die goedjies bymekaar sit om op te pak. Die Goudrif faandels het sommer mooi vertoon waar ons waens gestaan het.

Die dag is darem nog jonk en voor ons ry, moet daar eers weer geswem word. Dit is mos die nommer een rede, waarom Buffelspoort gekies word!

Dankie aan die Du Preez's, Franswha, Christa en Periska dat julle saam met ons kom kamp het. Dit was lekker om julle beter te leer ken.



**Lekker was darem nog nooit sleg nie!**